

## 2 Maart

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 15:10-35**

**Fokusgedeelte: 1 Samuel 15:17**

### **Klein maar nie gering nie**

Al is jy klein en gering in jou eie oë, is dit nie 'n verskoning om jou van jou verantwoordelikhede te onthef nie. As jy vir 'n bepaalde doel gestuur word, en die Here jou tot besliste opdragte roep, is jy ongehoorsaam as jy dit ontwyk of op grond van jou jonkheid nie nakom nie. In 'n ander konteks skryf Paulus aan die jong Timoteus: "Laat niemand jou jonkheid verag nie" (1 Tim 4:12 OAV).

Die teks (1 Sam 15:17), gelees in die konteks van 1 Samuel 15, dui daarop dat Saul nie kleinheid as nederigheid bedoel het as verskoning om nie sy opdrag uit te voer nie. Samuel vermaan Saul hier oor sy ongehoorsaamheid. Hy was ongehoorsaam om dit waarvoor die Here hom geroep het, naamlik om as hoof van die stamme van Israel as gesalfde koning, die Here se opdrag uit te voer.

Samuel sê aan Saul: "Die Here het jou met 'n doel gestuur ... Waarom het jy nie na die bevel van die Here geluister nie? Waarom het jy jou aan die buit vergryp?" (1 Sam 15:18, 19). Wanneer Saul volhou met verskonings dat die vee vir offerdoeleindes bedoel is, maak Samuel 'n uitspraak wat deur die eeue weerklink: "gehoorsaamheid is belangriker as offerande" (Hos 6:6; Jes 1:11-17; Miga 6:6, 8; Jer 7:21-23; Spr 21:3; Matt 12:7).

Om iets te offer, is 'n eksterne en formele handeling. Dit is leeg en nutteloos tensy dit gepaard gaan met 'n innerlike gesindheid van liefde en toewyding en gehoorsaamheid – nie iets nie, maar jouself.

*Sing: Psalm 40:4 (Totius)*

*Dr PW Bingle (Emeritus)*

